GEREFORMEERDE KERK WAPADRANT

BELANGRIKE AANKONDIGING OOR EREDIENSTYE VANAF 2018

Liewe lidmate

Die kerkraad het gedurende September 2017 lidmate uitgenooi om deel te neem aan ‘n meningsopname oor eredienstye vanaf 2018. Ons is aangenaam verras met die reaksie op ons uitnodiging. ‘n Totaal van 806 lidmate (ver bo ons verwagting) het reageer en hulle mening gelig. Ons wil hartlike dank betuig aan almal wat deelgeneem het. Bietjie statistiek: 28% lidmate woon hoofsaaklik die klassieke erediens by, terwyl 72% die kontemporêre erediens bywoon.

Ons het vir u aangedui dat ons ‘n uur tussen eredienste wil hê (en dus die begintyd van dienste twee ure uitmekaar). Ons wil ook die laerskool kleingroepe se aktiwiteite tussen die twee eredienste laat plaasvind. Navorsing wat deur ons Jeugbediening Werkgroep gedoen is, het daarop gedui dat ons jongmense baie meer moet betrek by eredienste en dat ons veral vir gesinne in besonder meer fokus gee tydens eredienste. Nie net gaan ons vanaf 2018 ons jongmense in die volle eredienste verwelkom nie, maar ons beplan nog ‘n paar lekker verrassings vir ons gesinne in die erediens. Meer hieroor sal in 2018 aan u gekommunikeer word.

Slegs 16% van ons lidmate het aangedui dat hulle nie ten gunste is van ‘n uur tyd tussen eredienste nie, en slegs 22% was nie ten gunste van die skuif van laerskooljeug tussen die eredienste nie. 86% lidmate wil graag regdeur die jaar dieselfde tye begin en ‘n later tyd het met ‘n meerderheid gewen. Die kerkraad het na aanleiding van hierdie resultate op 1 November goedgekeur dat die volgende reëlings sal geld vir eredienste vanaf 2018:

- Kontemporêre erediens sal om 8:30 begin regdeur die jaar
- Klassieke erediens sal om 10:30 begin, regdeur die jaar
- Laerskooljeug kleingroepe sal tussen die eredienste vergader
- Gesamentlike eredienste op Sondag-oggende sal (steeds) om 09:00 begin.
- Straatkafee sal (steeds) om 18:30 begin

Ons hoop dat al ons lidmate die tyd tussen eredienste sal benut om lekker saam koffie te drink. Ons beoog ook om verskeie toerusting geleenthede aan te bied, waarvan sekere spesifiek op ouers gerig sal wees. Dis nie al nie. Ons wil fokus op alle lewensfases en wil graag iets interessant vir elke lidmaat bring en geleenthede tot meelewing skep. Kleingroepe wat dit moeilik vind om in die week te vergader kan ook die tyd benut om hulle byeenkomste te hou. Ons hoop dat die tydjie tussen die eredienste ‘n miernes van bedrywighede sal word waar dit gons en ons as gelowiges mekaar kan omvou met liefde en ons tyd aan mekaar kan spandeer en verhoudinge versterk.

Hou gerus die ore gespits vir allerhande interessante dinge wat ons in 2018 beplan rondom ons Sondag oggend byeenkomste. Ons wil u sommer nou al uitnooi om te kom deelneem aan dit wat gaan plaasvind, al is dit net om koffie te drink saam met ander lidmate.

Op die agterblad kan u ‘n opsomming sien van die meningsopname resultate.

Watter oggend erediens woon u tans MEESAL by?

806 responses



Ons oorweeg om oggenddienste 15 minute verder uitmekaar te skuif sodat ons EEN UUR beskikbaar het tussen dienste vir gemeente aktiwiteite. Hoe voel u oor so 'n verandering?

806 responses



Tans word laerskool kleingroepe tydens die eerste diens uitgestuur en voortgesit terwyl die eerste diens aan die gang is. Ons oorweeg om klasse TUSSEN die twee eredienste te laat plaasvind (met moontlike uitstuur aan die einde van die eerste diens). Hoe voel u oor die voorstel?

806 responses



- NEE. Stuur die kinders uit soos tans, klasse vind steeds tydens die eerste diens plaas
- JA. Laat klasse tussen die eredienste plaasvind
- Dit maak nie regtig vir my saak nie, ek voel nie sterk daaroor nie

Eredienste vind tans vanaf 8:15 plaas in die somer (Okt tot Maart) en vanaf 8:30 in die winter (April tot Sept). Ons oorweeg om eredienste regdeur die jaar op dieselfde tye te laat plaasvind. Hoe voel u oor hierdie voorstel?

806 responses



- NEE. Hou die tye soos dit nou is - vroëer in die somer en later in die winter
- JA - Begin die eerste diens om 08:00 regdeur die jaar
- JA - Begin die eerste diens om 08:15 regdeur die jaar
- JA - Begin die eerste diens om 08:30 regdeur die jaar